



Laerskool Eligwa



H/v Conan Doyle en Lion Cachet Strate • ☒ 11 • VANDERBIJLPARK • 1900 • ☎ (016) 933-4774 • E-pos: lseligwa@eligwa.co.za

22 September 2026

Nuusbrief Nr. 12 van 2026

Geagte Ouers / Voogde

Graag bring ek die volgende sake onder u aandag:

1. AKADEMIE

U kind sal sy / haar vorderingsverslag Woensdag ontvang tussen 07:00 en 07:30. Ons amptelike ouermiddag is op Dinsdag, 13 Oktober 2026 **vanaf 14:00 tot 16:00**. Slegs leerders van Gr.1-7 wat briewe ontvang se ouers word uitgenooi na die ouermiddag. Ons versoek u vriendelik om by bogenoemde tye te hou. Ons doen 'n vriendelike beroep op ouers om by die punt te bly en u kind se leerprobleme met sy / haar onderwyser te kom bespreek.

2. BEGROTINGSVERGADERING / TOELATINGSBELEID

Daar was nie 'n kworum by die begrotingsvergadering van 22 September 2026 nie. Die vergadering word dus herskeduleer en sal nou plaasvind op Donderdag, 22 Oktober 2026 om 17:30 in die skoolsaal. Die begroting sal vanaf 15 Oktober 2026 in die kantoor beskikbaar wees om te besigtig. Die toelatingsbeleid sal ook op die aand met u bespreek word. U teenwoordigheid sal waardeer word.

3. GROEPFOTO'S – Gr. RR tot Gr. 3

Ons beplan om op Woensdag, 21 Oktober 2026, groeefoto's te neem van al die sportsoorte en kultuuraktiwiteite van Gr. RR tot Gr. 3. Dit is kontant met bestelling en u het tyd tot 16 Oktober 2026. Die kostes beloop R45 per foto. Daar sal dus foto's van die volgende groepe geneem word:

1. Mini-netbal en mini-rugby. (In sportdrag)
2. Skaak. (In skooldrag)
3. Mini-krieket en mini-hokkie. (In sportdrag)
4. Kultuur. (In skooldrag)
5. Provinsiale kleure (skaak, atletiek)
6. Landloop

4. KUNSFEEES/KRIEKET

Ons het pas ons deelname aan die Kunsfeeskompetisie afgehandel. Ons het 332 individuele inskrywings gehad wat as volg presteer het: A++ 79, A+ 156 en A 97.

Geluk aan elke kind, ouer en afrigter vir al u moeite en ondersteuning. Ons is trots op die prestasies.

Baie geluk aan die 2de krieketspan wat hulle liga gewen het, ons is somer baie trots op julle.

5. WALTONS

Waltons sal op 6 November 2026 tussen 12:00 en 14:00 self by die skool wees om die boks vir u te oorhandig. U kan Walton op 6 November 2026 kontant of met 'n kaart betaal. Geen vooraf EFT betalings kan gedoen word nie.

6. LENTEDAG

Baie dankie vir u ondersteuning wat bogenoemde dag betref. Ons het, soos elke jaar, die geld geskenk aan "Wings for Life" om hulle te ondersteun met die belangrike werk wat hulle doen.

7. REVUE

Baie dankie vir elke ouer, kind en personeellid wat van ons revue so 'n groot sukses gemaak het. Dit is somer lekker om te sien hoe almal saamwerk tot voordeel van ons skool.

8. GROEPFOTO'S – Gr. 4 tot 7

Ons beplan om op Dinsdag, 20 Oktober 2026, groepphoto's te neem van al die sportsoorte en Kultuuraktiwiteite van Gr. 4 tot Gr. 7. Dit is kontant met bestelling en u het tyd tot 16 Oktober 2026. Die kostes beloop R45 per foto. Daar sal dus foto's van die volgende groepe geneem word:

1. Krieket en hokkie. (In sportdrag)
2. Rugby en netbal. (In sportdrag)
3. Atletiek - Sedibengspan. (Provinsiale klere)
4. Prefekte, skoliëpatroolie, diensleiers, snoepieleiers, CSV-leiers, redaksiespan en klankleiers (in skoolklere)
5. D8 hokkie – in D8 sweetpakke.
6. Provinsiale rugby.
7. Redenaars (In volle skooldrag soos hulle deelgeneem het)
8. Kultuur
9. Landloop

9. WISKUNDE OLIMPIADE / TAALFEES

Baie geluk aan Fredric Floor wat deelgeneem het aan die Gr. 6 Provinsiale Wiskunde Olimpiade. Fredric het 'n algehele 2de plek behaal van al die skole in Gauteng.

Baie geluk ook aan die volgende leerders wat deelgeneem het aan die taalfeeskompetisie wat deur die departement aangebied was.

Leshandré Smit (1ste plek vir Klankie Bankie), Leané Liebenberg (1ste plek vir Dinkskrum) en Kylie van de Reede (3de plek vir Lit-Wys).

Baie geluk aan Mirriam Slabbert en Janco Fourie in Gr. 3 wat onderskeidelik die wiskunde hoofrekenkunde en spelling gewen het en ons gaan verteenwoordig by die provinsiale kompetisie.

Baie geluk ook aan Markus Erasmus, Eva Barnard, Nkanyenzi Dladla en Riané Bezuidenhout wat ook 'n eerste plek behaal het met hulle projek en dus deurdring na die provinsiale kompetisie. Ons is baie trots op almal van julle.

10. JACO JACOBS

Jaco Jacobs moes ongelukkig sy besoek kansleer weens gesondheidsprobleme. 'n Nuwe datum vir sy besoek en boekuitstalling sal met die leerlinge gekommunikeer word.

11. BEHEERLIGGAAMSVERKIESING

Die Beheerliggaamsverkiesing is afgehandel op 21 September 2026. Baie geluk aan Anneke Moolman met die verkiesing tot die Beheerliggaam.

Baie geluk en baie sterkte met die groot taak wat op u skouers rus.

12. SKOOLSLUITING

Die skool sluit Woensdag, 23 September 2026 en heropen weer op Dinsdag, 6 Oktober 2026. 'n Aangename rustyd saam met u kinders word u almal toegewens. Neem asseblief kennis dat die finansiële kantoor gesluit sal wees op Woensdag, 23 September 2026.

Eligwa groete



BD BOSHOFF
HOOF